# HOËRSKOOL ROODEPOORT
# GRAAD 9
# AFRIKAANS EAT
# SESSIE 4 – WEBBLAD

## LEESBEGRIP – VISUELE TEKSTE

Beantwoord die vrae by jou Taalleer en Begripstoetsafdeling in jou skrif
(bladsy 4 – 62)

**Vraag 1.**
Bestudeer die onderstaande spotprent aandagtig en beantwoord dan die vrae.




**⇩Bron: Die Burger, 7 Augustus 2015**

**Sy woorde was nog nie koud nie,
toe is produksie klaar op.**

1.1. Gee enige vier visuele bewyse dat die mense in die kantoor baie koud kry.

1.2. Watter bewys is daar dat mense in koue omstandighede harder werk? Kyk na die koerant se hoofopskrif.

1.3. Hoe weet ons dat die lugversorgingspesialis en die bestuurder tevrede (satisfied) is met wat hulle gedoen het?

1.4. Verduidelik die betekenis van die woord “meesterplan” in die spraakborrel.

1.5. Verduidelik hoekom dit snaaks is dat die kantoorwerkers met glimlagte op hulle gesigte geteken is.

1.6. Hoe weet ons dat die vrou met die verwarmer (heater) eintlik te warm kry?

1.7. Watter bewys is daar teen die kantoormuur dat die firma se produksie (production) regtig beter is?

1.8. Die muis in die middel onder in die spotprent sê:
“**<u>Sy woorde was nog nie koud nie</u>**, toe is produksie klaar op. Wat beteken die idioom?

1.9. Watter persoon in die kantoor sal die toekenning vir die ***Hardwerkendste kollega van die jaar*** kry? Motiveer jou antwoord.

1.10. Sal jy daarvan hou om in sulke koue omstandighede te werk? Motiveer jou antwoord.

**<u>Vraag 2</u>** **<u>Spotprent</u>**

Bestudeer die onderstaande spotprent noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.



2.1. Bestudeer die man se gesig. Watter visuele aanduiding is daar dat die man baie hard aan die werk is?

2.2. Watter huishoudelike take beplan die man om af te handel? Hoekom?

2.3. Wat noem mens die toestel waarmee matte gestofsuig word?

2.4. Bestudeer die hond se gesigsuitdrukking. Wat kan jy uit sy gesiguitdrukking aflei?

2.5. Die ma en die seuntjie is by die eetkamertafel besig om skoolwerk te doen. Hoe weet ons dat albei met die skoolwerk sukkel?

*2.6.* Watter emosie kan jy aflei uit die man se opmerking: Eerder dié, as tuisonderrig!

2.7. Verduidelik in 15 – 20 woorde hoe jy die inperkingstyd se invloed op jou skoolwerk ervaar het.

**<u>Vraag 3:</u> <u>Advertensie</u>**

Bestudeer en lees die advertensie aandagtig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.



3.1. Wat word in hierdie advertensie geadverteer?


3.2. Hoe kry die advertensie dit reg dat ons dadelik sien hoeveel die lesse kos?

3.3. Watter woorde dui aan:
3.3.1 dat die instrukteurs baie goed is
3.3.2 dat die omgewing en die perde geen gevaar inhou nie?

3.4. Hoe trek die advertensie se opskrif jou aandag? Noem TWEE dinge

3.5. Op watter twee maniere kan die persoon wat hierdie lesse aanbied, gekontak word?

## Vraag 4: Weerkaart




REISIGERSGIDS

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Upington | 11 | 25 | Beaufort-Wes | 8 | 23 |
| De Aar | 8 | 21 | Oudtshoorn | 10 | 27 |
| Springbok | 10 | 24 | Port Elizabeth | 14 | 22 |
| Calvinia | 5 | 24 | Grahamstad | 12 | 20 |
| Kaapstad | 15 | 22 | Cradock | 7 | 19 |
| Vredendal | 11 | 27 | Graaff-Reinet | 10 | 20 |
| Riversdal | 10 | 25 | Oos-Londen | 15 | 20 |
| George | 10 | 21 | Potchefstroom | 11 | 21 |
| Worcester | 11 | 27 | Sasolburg | 13 | 21 |

BUITELAND

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Los Angeles | 9 | 24 | Wene | 1 | 15 |
| Chicago | -2 | 4 | Rome | 6 | 16 |
| New York | 5 | 9 | Athene | 12 | 17 |
| Washington | 4 | 12 | Jerusalem | 11 | 22 |
| Dublin | 6 | 10 | Bangkok | 35 | 33 |
| Londen | 1 | 14 | Beijing | 11 | 22 |
| Amsterdam | 1 | 12 | Hongkong | 17 | 22 |
| Parys | 4 | 18 | Tokio | 4 | 18 |
| Berlyn | 4 | 15 | Perth | 19 | 22 |

**Uit: Beeld, 23 April 2020**

4.1. Raadpleeg die Reisigersgids. Hoe warm gaan dit in Kaapstad wees?

4.2. Watter dorp gaan sonskyn ervaar?

4.3. As jy in Richardsbaai se omgewing gaan wees, watter weersomstandighede kan jy te wagte wees?

4.4. By watter dorp gaan die wind die sterkste waai? Hoeveel kilometer per uur?

4.5. Watter vyf plekke gaan mistige weer ervaar?

4.6. As jy in die oggend in Johannesburg foto's van hoe die son opkom wil neem – hoe laat moet jy dan al buitekant wees?

4.7. Deur wie word die weervoorspelling verskaf?

4.8. Watter dorp het die ***<u>hoogste</u>*** ***<u>minimum</u>*** temperatuur?

4.9. Bestudeer die inligting oor temperature in die buiteland. Watter stad se temperatuur is ***<u>onder</u>*** ***<u>vriespunt</u>***?

4.10. Gaan daar 'n sterk wind in die omgewing van Kimberley waai? Motiveer jou antwoord.

## <u>TAALSTRUKTURE EN – KONVENSIES</u>

Beantwoord die vrae by jou taalleer en Begripstoetsafdeling in jou skrif

(bladsy 4 – 62)

**Vraag 1: Spotprent**
Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.



[Bron: www.bizarro.com, 29 November 2016]

1.1. Skryf die volgende sin in die spraakborrel in die indirekte rede. Begin so: "Die dokter sê dat . . ."

1.2. Skryf die volgende sin in die ontkenning/ negatief:
Het jy al ooit so 'n lelike nar gesien?
Begin met: Nee,

1.3. Verbind die twee sinne met die voegwoord (conjunction) **omdat**
Die nar gaan die man skrikmaak. Die dokter wil sy reflekse toets.

1.4. Herskryf die volgende sin:
Die dokter moet die toetse deeglik doen.
Begin so: Die dokter behoort . . .

1.5. Skryf die volgende sin in die verlede tyd:
Die man trek sy klere aan.
Begin met: Gister . . .

1.6. Verander die volgende sin in die toekomende tyd:
Die dokter het by die Universiteit van Stellenbosch gestudeer.
Begin met:
Volgende jaar

1.7. Skryf die volgende sin in die Lydende vorm (passive voice):
Die dokter ondersoek die man. Begin met:
Die man word . . .

1.8. Die man het ‘n vrees vir narre. Die nar gaan hom skrikmaak.
Verbind die twee sinne, begin met: **Alhoewel** (although) . . .

1.9. Herskryf die volgende twee sinne soos aangedui:
Die man is ‘n doker. Hy ondersoek die pasiënt.
Die man wat . . .

1.10. Skryf die volgende sin in die negatief/ ontkenning:
Staan regop! Voltooi deur met die volgende woorde te begin:
Moenie

1.11. Die dokter het gesê dat die nar ‘n mooi uitrusting aan het.
Skryf die bostaande sin in die direkte rede. Begin so:
Die dokter het gesê: “. . . “

1.12. Skryf die volgende sin in die verlede tyd:
Die dokter doen eers die ondersoek, dan roep hy die nar.
Begin so: Die dokter het eers . . .

**Vraag 2: Artikel**

*Lees* die onderstaande *teks* deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

1. Superman is ’n fiktiewe superheld wat in 1933 deur twee hoërskoolleerders, Jerry Siegel en Joe Shuster, van Cleveland, Ohio geskep is.

2. Superman is glo op die planeet Krypton gebore. Oomblikke voordat Krypton verwoes is, is Superman as baba deur sy wetenskaplike pa met ’n ruimtetuig na die aarde gestuur. Hier word hy as Clark Kent grootgemaak deur ’n boer en sy vrou van Kansas.

3. Hy toon van kleins af bomenslike kragte wat hy later tot voordeel van die mensdom sou aanwend. Clark werk as joernalis vir die *Daily Planet*. Hy skep die Superman-identiteit om sy privaatheid en sy geliefdes te beskerm en dra dié kostuum onder sy klere sodat hy blitsig in Superman kan verander wanneer gevaar dreig. Wanneer Clark verlief raak op Lois Lane, vermoed sy hy is Superman en probeer dit bewys, maar word telkens deur hom uitoorlê.

4. Skrywers het Superman se kragte geleidelik ontwikkel. In die vroegste strokiesprente kon hy hardloop en spring, maar in die radio-vervolgverhaal van 1940 kan hy ook vlieg. Sy wetsgehoorsaamheid dien as voorbeeld vir baie mense.

2.1. Skryf twee voorbeelde van telwoorde (counting words) uit paragraaf 1 neer.

2.2. Watter soort woorde is die volgende:
Voorbeeld: Ohio = Eienaam
2.2.1 fiktiewe (paragraaf 1)
2.2.2 planeet (paragraaf 2)
2.2.3 verwoes (paragraaf 2)

2.3. Gee die meervoud van:
    2.3.1 baba (paragraaf 2)
    2.3.2 vrou (paragraaf 2)
    2.3.3 joernalis (paragraaf 3)

2.4. Skryf die volgende sin in die verlede tyd:
    Clark werk as joernalis vir die Daily Planet (paragraaf 3)

2.5. Onderstreep die voegwoord (conjunction) in die volgende sin:
    “Wanneer Clark verlief raak op Lois Lane, vermoed sy hy is Superman en probeer dit bewys.” (paragraaf 3)

2.6. Verduidelik die volgende frase:
    “. . . dien as ‘n voorbeeld . . . “ (paragraaf 4)

2.7. Gee die trappe van vergelyking van:
    “geleidelik”

2.8. Verdeel “wetsgehoorsaaamheid” (paragraaf 4) in lettergrepe.


2.9. Gee die vroulike vorm van “skrywers” (paragraaf 4)

2.10. Voltooi die volgende trappe van vergelyking:

    vroeg ____________________ die vroegste (paragraaf 4)

**<u>Vraag 3: Advertensie</u>**

Bestudeer die advertensie en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.



3.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.1) en die antwoord van jou keuse (A-D) neer:

Die produk se naam ***"Mamba Max"*** is 'n voorbeeld van . . .

a) letterlike betekenis
b) stereotipering
c) alliterasie
d) vooroordeel

3.2. Hoe word die produk se naam visueel uitgebeeld?

3.3. Gee 'n gepaste sinoniem vir die woord tussen hakies.
Skakel u naaste kantoor vir meer (informasie).

3.4. Vorm 'n persoonsnaam vir die omskrywing tussen hakies.
Die advertensie se teikenmark is (mense wat met mielies boer)

3.5. Gee die oortreffende trap vir die woord tussen hakies:
Dit is 'n (dodelik) gif wat jy kry.

3.6. Die onkruid (weeds) in die advertensie is bang. Hoe kan 'n mens dit in die prent sien?

3.7. Kies die regte voornaamwoord tussen hakies:
Hou (jy / jou) lande skoon met Mamba Max.

3.8. Gee die verkleining van die onderstreepte woord:
Skakel u naaste **kantoor**.

3.9. Skryf die antoniem vir die woord tussen hakies neer.
Dodelike (minimum) lading.

3.10. Waarvoor staan die afkorting www. in www.dowagro.co.za?

---

**Hoërskool Roodepoort**

**Graad 9**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Sessie 4: Webblad**

**Stelwerk**

**<u>Instruksies en inligting:</u>**

1. Doen die volgende twee opdragte by die Stelwerkafdeling van jou skrif (Bladsy 63)
2. Jy moet eers rofwerk doen en dit redigeer

**<u>Opdrag 1:</u>**


- Bestudeer die spotprent noukeurig.
- Lees die opdragte wat onder die spotprent gegee word, noukeurig deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, noukeurig uit.
- Elke respons moet 15-20 woorde lank wees. Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.
- Skryf die woordtelling na elke respons neer.




1.1 Die matriekseun se pa is opgewonde oor sy seun se matriekuitslae. Wat sê hy vir sy vrou?
1.2 Skryf die matriekseun se gedagtes oor sy ouers se reaksie op sy matriekuitslae neer.
1.3 Die seun se sussie is ook bly dat hy klaar is met skool en sy dink aan 'n paar goed wat nou anders gaan wees. Waaraan dink sy?
1.4 Die ma is ook bly oor haar seun se uitslae. Skryf haar antwoord aan haar man neer.
1.5 Die twee mannetjies aan die onderkant van die prentjie lewer kommentaar oor die gesin se reaksie op die matriekuitslae. Skryf neer wat hulle sê.
1.6 Tydens die skool se Galaprysuitdeling praat 'n baie trotse skoolhoof met die matriekonderwysers. Wat sê hy vir die onderwysers?

**Opdrag 2**

- Bestudeer die spotprent hieronder en voltooi dan die opdrag.
- Elke respons moet 15-20 woorde lank wees. Jy mag een of twee sinne oor elkeen skryf.




[Bron: *thecomicninja.wordpress.com/tag/bound-and-gagged*]

2.1 Die man aan die linkerkant (nommer 1) is bang mense spot hom omdat hy oorgewig is. Skryf sy gedagtes neer.
2.2 Die man in die middel (nommer 2) is al baie moeg, en die oefensessie is nog lank nie verby nie. Skryf sy gedagtes neer.
2.3 Die vrou (nommer 3) is bekommerd oor haar kinders wat alleen by die huis is. Skryf haar gedagtes neer.
2.4 Die nar (clown) (nommer 4) geniet die sessie in die gimnasium baie. Skryf sy gedagtes neer.
2.5 Die fiksheidsintrukteur (fitness instructor) wat die lesse aanbied, is nie baie gelukkig in sy werk nie. Skryf sy gedagtes neer.